5th

Maya Du Toit

Cape Winelands
Paarl Girls' High School
Teacher: Isabelle Willemse

Lekkergoedland

Felix en Felicity is in hulle ruimtetuig.
Onverwags voel hulle hoe 'n swartgat die ruimtetuig intrek.

"Hier gaan ons alweer" roep Felicity. "Nog 'n avontuur, woo-hoo!"

Hulle knyp hulle oë toe en wag vir 'n harde stamp.
Tot hul verbasing plof hulle saggies in 'n massa pienk iets in.

"Julle kan gelukkig wees, jul skop het geval op ons spookasem-sportgrond".

"Eksie-perfeksie, mooi beplan en welkom in Lekkergoedland", sê 'n soet stem.
Beide ruimtewesens klim uit die ruimteskp en sien 'n gemmerbroodmeisie!

"My naam is Maya"
"Allamapstieks, sien ek reg?"
"Is julle regtig dié Felix en Felicity wat saam met Zia die leier van die boekvlieë uitoorlê het?"

"Einste", sê Felix en kyk om hom. "Hierdie plek is ongelooflik!"

"Dit is, maar ek moet julle waarsku, die seerower-sjokoladeriver is 'n hindernis wat julle kn keer om aan die Ooste kant van lekkergoedland te kom".
"Waaromw il ons soontoe gaan?" vra Felicity.

"Wel, dis waar die rondomtalie is", sê Maya.
"Wat doen die rondomtalie?", vra Felicity weer.

Voor Maya kan Antwoord kom 'n kolwyntjie koets verby gejaag en Maya por haar twee nuwe maats aan om op te spring. Op die koets verduidelik Maya dat net die rondomtalie die poort kan oopsluit.

Toe hul naby die sjokolade rivier kom, spring die 3 vriende af van die koets.

"Die seerowers skiet soliede sjokolade balle uit hulle kanonne en hulle moet seker maak dat niemand die rivier kruis nie", sê Maya.

"Wag, ek het 'n plan!".

Maya lek aan 'n pers langmaak lekker en begin groei.
Sy word langer en langer to sy met gemak oor die rivier kan lê.
"Sy maak 'n brug!" skree Felicity.

Voor die seerowers weer 'n sjokolade bal kan siek, nael Felix en Felicity oor die rivier. Hulle hou aan hardloop tot by 'n bloedrooi romdomtalie.
Maya lek weer aan 'n lekker ... die keer 'n blou sterkword een.

Haar arms word sterker en sterker. Sy begin die rondomtalie draa.
Die skarniere kreun soos die rondomtalie spoed optel.

Die momentum veroorsaak 'n tornado en dit maak die poort oop. Felix en Felicity skree, "dankieeeee", soo hulle deur die poort verdwyn.

Hulle is weer in hulle ruimteskip en wonder wat more vir hulle gaan inhou.